**HOU VAS AAN DIE HERE IN TYE VAN TWYFEL**

**Lees: Psalm 42** **Teks: Psalm 42: 6 + 12**

Ons lewe in ‘n tyd waar meeste mense swaarkry. Dit is as gevolg van die ekonomie, ons eie persoonlike omstandighede, en die onsekerheid wat heers in ons land en die wêreld oor die toekoms wat nog voorlê.

Beteken dit dan dat ons sonder God in hierdie lewe is? Weet ons enigsins wat dit beteken om sonder God te wees? In hierdie Psalm lees ons van die Koragiete, hulle wat die Psalm geskryf het, wat honger en dors of smag na God. Hoekom? As gevolg van hulle voorvader Korag wat in die woestyntog teen Moses en Aaron in opstand gekom het, is sy nageslag gestraf en mag hulle nie in die Tempel kom nie. Hulle verlang om in die Tempel in te gaan, want dit is die plek waar God is. Hulle wil in sy teenwoordigheid kom. Hulle kan nie. Hulle word verbied.

Hulle smagting en verlange in verse 2 en 3 word erger wanneer hulle spot moet verduur van ander wat vra: “Waar is jou God?” Het God hulle werklik vergeet?

Ons sou kon dink dat so iemand totaal en al depressief sou raak. Dit raak hulle lewens erg, maar die interessante is dat ons in vers 6 lees: “Hoop op God...” Wat duidelik hieruit na vore kom is dat ten spyte van hulle swaarkry en hulle smagting dat hierdie mense nog ‘n baie goeie verhouding het met die Here. Hulle sien Hom as hulle Verlosser aan. Hulle weet dat in alle omstandighede hulle nog steeds op die Here moet vertrou.

Wat maak jy wanneer dit vir jou voel asof die Here jou verlaat het, of wanneer jy depressief raak, of wanneer jy voel dat dinge nie reg loop nie. Die antwoord kom in vers 6: “Hoop op God!” Daar is geen ander uitweg nie.

Gaan kyk na die lewe van Christus aan die kruis. Daar het Hy bange Godverlatenhied gely, toe Hy uitroep: “My God, my God waarom het U my verlaat?” Dit het Hy gedoen sodat gelowiges nooit Godverlatenhied sou ervaar nie. Deur Hom het ons volle toegang tot in die teenwoordigheid van God. Die Hebreërskrywer verduidelik dat dit deur die voorhangsel (gordyn) heen is wat die weg vir ons oopgemaak is.

Hy het ook sy Gees gestuur om by en met ons te wees vir altyd. Dit is woorde soos hierdie wat maak dat ons tot die besef kom dat ons nie hoef moedeloos te wees, of te voel asof die Here ons verlaat het nie. Inteendeel die Here belowe hierdeur Sy krag en bystand in alle omstandighede wat ons moet deurmaak.

Die Koragiete dink in vers 7 terug aan die woestyntog en hoe die Here vir hulle daar gesorg het elke dag. En al voel dit asof hulle besig is om te verdrink te midde van hulle probleme, is die

Here getrou. Hulle sal nog tot Hom kan bid, kan weet en vertrou dat Hy hulle nie alleen laat nie.

En al is dit so dat die teenstanders hulle nog sal spot, kom die uitroep vir die tweede keer na vore in hierdie Psalm: “Hoop op God..”

Ons troos lê daarin dat ons nie weerhou sal word om in die Tempel, of huis van die Here, in te gaan nie. Ons het die vryheid en die vrymoedigheid om in die Tempel in te gaan. Ons het nog verder die belofte van die krag en die bystand van die Here in ons lewens deur die werking van die Heilige Gees. Dit is deur Christus aan jou geskenk.

Daarom in tye van swaarkry en depressie weet en besef dat jy alleen jou hoop op God kan stel. Hy die Enigste een wat aan jou uitkoms kan skenk en bied. Jy’s nie alleen nie en daarom getroos dat jy saam met die Here die pad wat voorlê deur sy krag kan aanpak.

**Ds. Neville Boy**
**29 Oktober 2017**